# BOEKRESENSIES

BUTTERFIELD, PH 1987: *War and Peace in South Africa 1879-1881.* Melville: Scripta Africana pp. 246. Luukse omslag R120 en leeromslag R140.

Hierdie publikasie is deel van die Scripta Africana-reeks oor die twee Anglo-Boere-oorloë. In die reeks is hierdie pragpublikasie die sewende uit 'n totaal van 15 wat beplan word. Daar is slegs 1 000 genommerde kopieë gedruk omdat dit as 'n Africana versamelstuk gedruk is.

Die publikasie bevat die briewe van luitenant-kolonel Anstruther en die joernale van majoor Essex. Anstruther was die bevelvoerder van die Britse magte tydens die noodlottige slag van Bronkhorstspruit gedurende die 1880-1881-vyandighede tussen Boer en Brit. Tydens hierdie slag het Anstruther sy lewe verloor. Anstruther se briewe aan sy vrou en familie rakende se betrokkenheid by die Ulundi-vergeldingsepisode teen die Zoeloes in 1879, sy verdere wedervaringe in die omgewing van Lydenburg as bevelvoerder aldaar en sy opmars na Pretoria nadat vyandighede uitgebreek het, is ter sake. Sy belewing van Suid-Afrika in hierdie pioniersjare, word soms selfs humoristies beskryf. Die briewe is in elk geval 'n uiters waardevolle belewing van 'n ooggetuie van hierdie tydperk— ook wat betref sy siening van die Boere, hulle sosiale gewoontes en die algemene lewenswyse in Suid-Afrika. Essex se joernaal andersyds, is meer tegnies en bevat veral inligting van 'n militêre aard oor die sterkte van Britse troepe onder bevel van Colley, die getal gewondes, artillerie en ammunisie en so meer tydens die gevegte by Ingogo, Laingsnek en Majuba. Hierdie joernaal is 'n belangrike amptelike dokument van die Britse magte, opgestel deur die kwartiermeester-generaal wat ook hier vir die eerste keer publiseer word.

Butterfield het telkens deur sy verwysing en inleidings of samevattings struktuur aan die verhaal gegee. In hierdie evaluerings word daar verskeie perspektiewe gestel oor wie vir die lewensverlies tydens die skermutselinge verantwoordelik gehou moet word. Colley, Lanyon, Wolsely, Shepstone en die koloniale owerhede word onder andere gekritiseer. Daarby is hy ook baie krities oor die Boere se optrede te Bronkhorstspruit en beskryf die wyse waarop Anstruther in 'n hinderlaag gelei is as "Cold blooder murder".

Sonder om op die meriete van hierdie bewering in te gaan, is die verskillende dokumentêre getuienisse wat ter stawing van sy standpunt aangehaal word, baie sterk. Ongelukkig probeer Butterfield sy standpunt verder versterk met 'n minder geldige argument (pp. 227) as hy die verhouding van die gesneuweldes tussen Boer en Brit tydens die Bronkhorstspruit-gebeure en die Anglo-Boere-oorlog van 1899-1902 vergelyk. Nodeloos om te sê, so 'n vergelyking is totaal irrelevant om 'n spesifieke episode te verklaar, omdat dit juis hier om spesifieke akteurs gehandel het wat 'n invloed op hierdie spesifieke episode gehad het.

Hierdie publikasie is 'n pragpublikasie wat uiters waardevol in die toekoms gaan word, omdat dit verder ook nog nader aan die werklikheid gebring is deur talle tydgenootlike sketse en foto's. Die uitgewers moet gelukgewens word met hulle ini-

siatief om die verlede op hierdie wyse te laat herleef.

M.H. Trümpelmann